BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# 'n Reis vir Volgelinge

# Deel 4 – 'n Dissipel deel Jesus met Ander

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat is een van die beste geskenke wat jy al ooit gekry het? Hoekom was dit so spesiaal? Hoeveel moeite het daarin gegaan? Hoe het dit jou laat voel? Deel die ervaring met jou groep.**

**As jy kyk na jou week wat verby is, wat was die dinge wat jou gebede en agenda bepaal het? Wees eerlik, hoe hoog op die prioriteitslys was die missie van Jesus?**

**Hoekom dink jy skuif die agenda van Jesus so maklik af op ons prioriteitslys alhoewel ons sy volgelinge is?**

**Wie is die mense in jou lewe wat Jesus met jou gedeel het en kerk toe genooi het? Hoe het dit jou lewe verander?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Handelinge 4:12 en Johannes 14:6. Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons, as volgelinge van Jesus, onsself aan hierdie waarheid herinner?**

**Romeine 10:9-15. Hoekom dink jy vra Paulus in vers 14 "*hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie*?" Hoekom moet ons as Christene dit onthou?**

**Handelinge 4:19-20. Hoe leef 'n Christen wat hierdie voorneme in sy hart het? Hoe vergelyk jou lewe tans daarmee?**

**Romeine 1:16-17. Hoe het die evangelie jou lewe verander?**

**Hoe dink jy kan dieselfde evangelie die mense in jou lewe wat nie vir Jesus ken nie, se lewe verander? Watter rol het jy nodig om daarin te speel?**

**In die preek is gevra, "Wie is jou EEN MEER?" Wie is die persoon naby aan jou, maar ver van God? Hoe kan jy en jou groep vir daardie persoon bid? Hoe kan julle bid vir 'n geleentheid en dat jy reg sal praat?**

**In die preek is 5 verskillende stappe genoem:** ***1) Deel God se waarde aan die persoon; 2) Deel 'n uitnodiging; 3) Deel jou storie; 4) Deel die evangelie; en 5) Deel nog 'n koppie koffie.*** **Watter van hierdie stappe kan jy neem met jou EEN MEER? Wat kan jy hierdie week probeer?**

*****Op die kerk se webtuiste is 'n kort kursus, Deel jou Hoop. Dit kan jou help om meer in diepte te verstaan hoekom ons Jesus met mense moet deel en hoe jy kan voorberei om juis dit te doen. Indien julle as groep dit saam wil deurwerk, scan gerus die onderstaande skakel wat jou daarheen sal neem op die kerk se webtuiste en laai die handleiding af.***

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**